# Skool Kadette

Soms verweer mens se onskuld, drome en persepsies geleidelik. Ander tye word dit in dik repe uit jou siel weggeskeur. Sonder waarskuwing of takt van enige aard. En as 'n reel ook sonder enige pynverdowing – ten tye - en agerna. Ons almal het stories oor hierdie onderwerp.

Ek dink my eerste bewuswording van die oorlog en *Army* was toe ons in Vredenburg gewoon het. Ek was so ses. Ek en my nefie Pikkie was op pad *Springbok Kafee en Tea Room* toe om 'n '*lucky packet*' te gaan koop. Daai kleurvolle papier sakkies met die pienk musk-lekkertjies in wat soos klein haasdrolletjies gelyk het. En 'n speelding van twyfelagtige aanwending. Toe ons nog kleingeld gekry het vir 5 sent.

Ons het buite op die kafee stoep gestaan om die inhoud van ons skatte te bekyk – met die klanke van die '*pinball*' masjien in die agtergrond – ( 'n euwel, en volksvreemde gedoente wat deur '*duck-tails* 'en '*hippies* ' aan' t lewe gehou is) toe die soldaat by ons verby loop. Ek sien die ou steeds in my geestesoog. Hy het sy '*step-outs*' aangehad, met so pers beret. Dit was naas die duiker met sy swart duikpak aan – die enkel mees indrukwekkende mens wie ek nog gesien het. (Ek het gedink die padda-man was 'n soort meermin wat naby Parternoster woon. )

Die soldaat het ingedagte gelyk – ek dink nie hy het ons gesien nie. Hy het so fronsie gehad van iemand wat aan baie gewigtige goed dink.

My nefie het gefluister dat daai ou 'n rekkie is, en dat hy by Brug 14 was. Die verwarring, die *avalance* van vrae wat eensklaps by my opgekom het, en ooglopende gewig van Pikkie se grootoog stelling, het my heeltemaal oorweldig. Soveel so, dat ek eers niks gevra het nie, en net die ou agterna aangegaap het.

Ek kon later nie duidelike antwoorde by my nefie kry nie. Hoe 'n soldaat 'n rekkie word, was 'n totale misterie, en klaarblyklik iets waaroor mens liefs nie praat nie. So ver ek kon vasstel, was 'n rekkie so ding wat mens om 'n klomp koeverte sit om hulle bymekaar te hou. Die geestesbeelde van hoe 'n soldaat in 'n rekkie kon verander, en die moontlikhede wat so gawe kon optower, was totaal oorweldigend. Superman se moer – hierdie was ooglopend 'n heel ander liga.

En Brug 14. Wat sou die plek so anders maak as die brue wat ons hier by die Weskus gesien het? Al wat duidelik was, was dat die hele storie te gewigtig was vir duidelike antwoorde.

Na die Weskus, het my Ma' le Bellville toe getrek. Eendag in die laerskool het die megalomaniese skoolhoof met sy nimmereindigende strewe om homself tot God te verhef in ons, en die sameleweing se oë, die idée gekry om 'n paar onderwysers in hul univorms skool toe te laat kom.

Drie onnies het die Pro Patria medalje gekry, en 'n senior offisier is gevra om tydens saal byeenkoms die medaljes te kom oorhandig. Hel,

ek was mateloos beïndruk! Die ouens loop toe klaarblyklik tussen ons rond ook! Dis was net ongelooflik!

En toe sien ek een middag hoërskool seuns in hul skool kadet uniforms op hul fietse. Ek was in Nirvana. Hoërskool was die plek vir my! Die gedagte dat ek eers oor 3 jaar sou kon hoërskool toe gaan was waarskynlik een van my mees depressiewe ontnugterings. Hoe de hel kry mens so baie tyd om?

Ek het altyd die aaklige bewustheid gehad dat ek nie regtig êrens inpas nie. Daai knaende besef - soos ‘n ligte babelaas – wat so net-net onder die oppervlak van mens se bewuste denke skuil, wou net nooit heeltemaal weg gaan nie.

Seersekerlik sou kadette die probleem vir goed oplos! Ek sou deel wees van iets ongelooflik. Ek sou inpas, en soos die ander ouens lyk! Party laerskool kinders sou *my* dalk dan in verwondering aangaap!

Skielik het my klein lewetjie ‘n doel gekry. Kadette, en uiteindelik die regte *Army* was die oplossing! Ek kon ‘n kadet, en dan ‘n volwaardige soldaat word! My roeping was kristal helder. As die bleddie tyd net wou omgaan!

Die laaste drie jaar van laer skool het – soos ek vermoed het – baie stadig verby gesloer. Die strewe om te probeer inpas, en om uit die sadistiese skoolhoof se pad te bly, was ‘n gedurige beproewing. Baie dae was slegs die wete dat ek ‘n skool kadet gaan word, my emosionele kruk.

En so breek my hoërskool dae toe uiteindelik aan. Ek kan bitter min van die ontgroening en die gepaartgaande verwarring en klasse en nuwe gesigte onthou. Elke melding van KADETTE het my in my spore laat vassteek, met ‘n uitdrukking soos ‘n kalkoen wat vêr weerlig gesien het.

Ek was in die sewende hemel toe ons standerd sesse uiteindelik die eerste dubbel periode van skool kadette kon sien. Die netjiese peletons, die univorms, die korporaals en sersante, die onnies in regte '*browns',* die orde van ‘n parade was so emosioneel oorweldigend soos toe ek die eerste keer die binnekant van ‘n sirkus tent gesien het. Ek was in ‘n ander wêreld, en dit was ‘n '*great* ' plek!

Ek was ooglopend ‘n entoesiastiese kadet in standard ses. Al was my univorm ses nommers te groot, en al het die univorm kortbroek se pype beswaarlik beweeg as ek masjeer het – ek was in my '*hêppie place'*, en ek het geleef vir Dinsdae se dubbel periode kadette. Ek het al die '*moves* ' binne twee weke soveel keer ge-oefen – tot laat smiddae in ons agterplaas. Ek kon in my slaap dril. AANDAG! VOORWAARTS MARS! HALT! OMKEER! OOP ORDE MARS! Dit was my lewe. My lewe was vol.

Ek kon die feit dat die *Faders* in hul '*tie-die'* jeans en 'scrambler' motorfietse my weekliks wou moer, (net omdat hull kon) en die feit dat my aanmekaar gelapte fiets almal laat lag het, hanteer. Ook die feit dat ek nie kon lang-arm nie, en dat ek in ieder geval ‘n kop korter was as die meisies wie wel so kon dans, was nie so groot probleem nie. Ook

die feit dat ek nie 'n silwer kettingtjie gehad het nie. Niemand het my van enige vorm van '*cool*' beskuldig nie. Kadette was my ontvlugting.

Aan die einde van St 6 word ek toe gekies om 'n korporaals-kursus in Saldanha te gaan bywoon. 'n Bivak. As ek die kursus sou slaag, sou ek my eie peleton in St 7 kry. My militêre loopbaan was op die lanseer platvorm, en die lont was aangesteek. Ek kon nie dink dat iemand meer intens na enige iets kon uitsien nie.

Ons is met 'n regte troepe trein van Bellville Saldanha toe vervoer. Daar is ons in Bedford lorries opgelaai, en na ons eerste voorsmaak van 'n '*roof-ride*' in die kamp afgelaai. Ek het weer gevoel soos daai dag toe ek in die Sirkus tent inloop, en die hanswors dwerg in die deur sien staan – ek was in 'n ander heelal! En dit was 'n '*great*' plek!

Ons peleton bevelvoerder was 'n '*een-pip*' luitenant met die van Lerm. (Nie sy regte van nie – maar ek's versigtig dat die bliksem dalk nog leef, en bo alle verwagting intussen geleer lees het.)

So met die eerste aantree slag het hy ons vertel van sy ongeëwenaarde vermoëns en intellektuele verhewendheid. Hy het ons ook vertel dat hy *EINTLIK* 'n *TWEE-pip* luitenant is, maar dat daar een of ander 'fokop' met sy *admin* gekom het. Soos een man het ons die klerke van die *Army* verafsku. Ons het ook soos een man besef – hierdie ou is 'n yster. Toe – om alles te kroon, noem hy dat hy 'toevallig' ook 'n gevegskuns instrukteur is, en dat hy 'oop' is - as iemand hom wil aanvat.

Net daar besef ek toe – met hierdie ou aan ons kant, is die terries in hul kollektiewe moer. My enigste (groot) bekommernis was dat dit als nog voor die einde van die kamp sal oor wees, en dat vrede in Suidwes verklaar sal wees voor ons huis toe gaan. Trouens, besef ek toe – Breshnev moet ook nie te rustig slaap nie – sy tjank word ook eersdaags afgetrap. My enigste hoop was dat daar iets vir ons sou oorbly, want dis duidelik in hierdie perd se vermoë om al die *terries* eiehandig met sy geweerkolf dood te bliksem. Hierdie ou was Rocco De Wet, Die Ruiter in Swart, en Ben Brand alles in een. En ons was in sy peleton! Die Gode was *so* goed vir my!

Na wat soos 'n ewigheid van bak in sy glorie en almag gevoel het, en nadat hy ons almal een-vir-een stip aangestaar het, verdaag hy ons toe met die woorde: *"Manne. Vir die duur van hierdie kamp – dink MILITêR."*

Toe begin my eerste groot bekommernis. Hoe de donner dink mens te alle tye "MILITêR"? Wat beteken dit? Ek het van die vasberade uitdrukkings, en fronse op die ouens om my se gesigte afgelei hulle weet *PRESIES* hoe. Paniek en daai gewaarwording het weer so stil-stil aan die buitenste gedeeltes van my bewuswording begin knaag. Al lyk en min of meer soos hulle ...miskien pas ek weer nie in nie....

Miskien moet ek alle gedagtes koppel aan iets bruin – so *Army* bruin? Miskien moet ek op aandag staan as ek dink? Miskien moet ek alle gedagtes omskep dat dit soos 'n bevel klink? 'n Hele paar gedagtes van 'n heelwat meer persoonlike aard - wat op daardie punt heel

gereeld en ongenooid, maar met indrukwekkende intensiteit in my gedagtes ingesluip het, is summier verban. *Sorry*, Belinda / Erika / Rachel Welch / Dolly Parton. En andere.

Daai dêm gevoel – van dat ek nie regtig inpas nie, het weer sy aaklige kop uitgesteek – *hier* van alle plekke.

Liewerlei het ‘n paar goed van die almagtige luitenant my begin pla. Sodra ek goed opgemerk het, en die gevoel gekry het dat hy met ‘n tikkie te veel klem probeer om ons 14 jariges te beïndruk, het ek myself hard gekasty. *"Pas in, fokkit!"* het ek vir myself in my binneste geskree. *"Die ou is ‘n monster, en as hulle hom hier loslaat, is die oorlog verby. Glo dit, fokkit! Hou op DINK!"*

Maar die gevoel wou nie weggaan nie. En die geknaag aan my gedagtes was net te – wel - knaend. Soms het so trek op sy mond my opgeval as hy iets probeer beklemtoon het, ander kere kon ek sweer hy staan effe op sy tone, en verkieslik op ‘n molshoop as daar een was. Soms het hy net 'n oomblik te lank na party ouens gekyk…

Een aand – so halfpad deur die kamp – moes ons na ‘n kort nag mars en kaartlees oefening ‘n plek bekruip. Die doel was om ongemerk by die aangewese plek uit te kom sonder dat die ander luitenante en instrukteurs ons sien. Ons moes op ‘n aangewese plek begin, en dan ongesiens langs so-en-so roete die plek bekruip

Een van die dinge waarvan ek nog nooit beskuldig was nie, was dat ek ‘n tropdier is. Ek kon nie glo dat al die ouens reëlreguit en padlangs

die teiken begin bekruip het nie. Jissis, is dit net ek, of is die oefening *"ge-rig" ?* Niemand wou na my luister nie – '*immortality*' en ewigdurende glorie het helder in 40 pare oë gebrand. Met vasberade uitdrukkings en met glorie binne bereik, seil hulle toe soos 'n reuse rusper reg in die tweespoor paadjie af. Bo-oor mekaar – te koddig.

Net daar kry my frustrasie en onvermoë om swaksinnigheid blindelings te omhels finaal die oorhand, en ek besluit: Se gat. Ek gaan my eie roete volg.

So halfpad na die teiken toe was daar so effense koppie duidelik sigbaar in die maanlig. Die koppie was so effe links van die aangewese roete – die roete waarlangs 40 pogings om nuwe Olimiese rekords in '*leopard crawl*' op te stel aangedurf word.

Die einste koppie sou 'n perfekte plek wees om die teiken eers mooi te bekyk, en te kyk of mens die instrukteurs wat in die hinderlaag sou wees, kon sien. Ek het besluit om so met 'n ompad soontoe te kruip, en dan van sy agter kant af tot bo te klouter. Die gekraak van takke, die gevloek en gesis van die massa bekruipers kon in ieder geval tot in Kaapstad gehoor word.

My plan het soos 'n bom gewerk. Ek het, sonder om in enige hinderlae vas te loop, betreklik maklik tot amper bo op die koppie gevorder, toe my ingeboude antennatjie skielik begin "*twitch*."

As jy een van die kleiner outjies in Bellville is, verskerp jou sintuie aansienlik – glo my. Jy ontwikkel 'n sesde sintuig soos 'n kat met

‘n veer in sy gat. Iets was nie reg nie. Ek kon dit aanvoel. Iets het *gevaarlik* gevoel, en uit ondervinding het ek al geleer om te luister as daai klein stemmetjie so veel as fluister.

Ek het so in die maan skaduwee onder ‘n melkbos struik gelê en kyk en luister. Kyk, en luister. Stadig en vlak asem haal. Kyk, kyk, kyk…En toe sien ek dit. Skaars 10 tree voor my. Daar, in die maanlig, op ‘n stomp sit die almagtige Lerm – in so posisie dat hy die hele klomp wat die teiken in die laagte bekruip, duidelik kan sien. Ek was '*spot-on*'. Die oefening was so ‘*ge-rig*’ soos ‘n Zimbabwe verkiesing.

My hart het weer in by bors begin hammer, en ek kon sweer hy moes my hoor sweet. Ek was net vlak van ‘n akute angs aanval – want hy was baie duidelik oor die roete wat ons moes volg. As hy my hier sou sien, kon ek my korporaal strepe koebaai soen, waarskynlik my lewe ook, en vir alle praktiese redes sou my wêreld inmekaar stort. '*Game over*.'

Ek was te angsbevange om te roer. Ek het vinnger planne gemaak en alibis bedink as ‘n Nigeriese immigrant by Binnelandse Sake.

En toe dring die ondenkbare tot my deur. Soos suur wat geleidelik deur mens se vel vreet. Soms sien of hoor mens mos iets wat jou rasionele brein vinniger verwerp as ‘n kosjer varktjoppie op ‘n halaal paartie. Dis asof die gedagte en gewaarwording verwerp word voordat hy mooi by die deur in was.

Murray Johnson en "*Wat elke seun moet weet*" was ondubbelsinnig op die onderwerp: Dis van die DUIWEL, dis VERKEERD, en net patete en swakkelinge en SONDAARS doen dit. (Die bleddie boek was ook legendaries vaag oor 'n aanvaarbare alternatief, maar dis ook 'n debat vir 'n ander keer.)

Hoe langer ek daar gelê het, hoe meer ongelooflik het die situasie geword. Geen hoeveelheid rasionalisering of weg-wens van wat ek daar aanskou het, kon my red van die vernietigende ontnugtering nie.

Want daar in die maanlig, effe versteek after 'n vaal bossie het die almagtige, gefokusde en intense Lerm met sy broek om sy knieë gesit en *aap-klap* met 'n geesdrif wat in enige Guiness Book of Records eervolle vermelding sou verdien. Hy sou dit mis as al 40 kadette bo-oor sy '*boots*' gekruip het. Hy was so meegevoer – hy sou 'n kern ontploffing onder sy eie gat mis. Skielik het sy liefde vir gesagsposisies perfek sin gemaak. Die ou was 'n 'perv' en sadis, maar te veel van 'n lafaard om uit sy patetiese kassie te klim…

Soms verweer persepsies geleidelik. Ander kere word dit in groot repe uit jou siel geskeur. Ongevraagd, onverwags en met absolute finaliteit.

Ek kan nie veel van die res van die kamp onthou nie. Daar was parades en lesings en goed. Ek was nie veel gepla oor die *uikak* omdat ek later daai aand laat - en alleen by die teiken opgedaag het nie. Ek het daar en dan besef – ek pas nie regtig in nie, en SWAPO sal vir eers heel OK wees. Breshnev en die Russiese Beer en die Swart Gevaar ook.

Ek kon net nie weer dieselfde na Frikkie Voortrekker kyk nie. Geen hoeveelheid van grootpraat of dreig kon my van mening laat verander nie. Hy het my immers nie eers gehoor of gesien toe ek met my hande in my '*overall* ' se sakke vlak voor hom teen die koppie af geloop het tot by die teiken nie. Kierts regop, en met die grootste fok-jou houding wat ek nog in my tenger 14 jaar gehad het.

Dink "MILITêR".... *Ja, Right*. Daai aand het die ware betekenis van '*hypocracy'* by my ingesink. Ek het – soos ek verwag het – maar kakkerige punte vir die kursus gekry. Ek vermoed al hoekom ek wel deur gesit is, is omdat die uwe se antennatjie ook begin tril het. Wanneer ek wel na hom gekyk het, was dit nie in verwondering nie. Inteendeel. Maar - aan die ander kant - mens is ook maar net so braaf soos jou 45-kilogram lyfie toelaat - veral in die geselskap van soveel skietgoed...

Jare later het ek gehoor Adjudant Aap Klap is as onderwyser – soos die koerant dit gestel het – "onder 'n wolk" by sy skool weg. Die "wolk" het blykbaar verband gehou met openbare optredes van 'n besliste nie-militêre aard. Oor die "onder" kon ek net spekuleer.

Kadette was toe skynbaar ook nie die antwoord nie. Later het ek – soos baie van die ander ouens seker, maar deur die '*motions*' by kadette gegaan, - dankbaar vir die breek in roetine van skeinat, wiskunde en ander vakke.

Party ouens was nog mateloos beïndruk met die hele jeug weerbaarheids idée. Ek het besluit om maar te wag tot die regte *Army* dae kom, en om dan weer 'n opinie te vorm... Ek was toe al die tyd ook reg: Ek het nie regtig ingepas nie. En dit sou nog lank so aanhou.